# 29 Februarie 2024 - Lesing 249 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

Die laaste uur van die aarde – 2/1/62

**NO: 8071** Die laaste uur van die aarde kom steeds nader. Hierdie woorde beteken nie veel vir die mensdom nie, want julle glo nie dat julle so digby die einde staan nie. Maar Ek kan julle geen dwingende bewys gee, ter wille van julleself nie, want julle sou **van angs nie meer in staat gewees het om julle lewensopdragte uit te voer nie**. Julle kan dit dus glo of afwys, maar **julle lot sal wees volgens julle geloof**, wanneer daardie uur aanbreek.

My heilsplan is vasgestel sedert ewigheid. Dit is die **diepste Liefde en Wysheid vir My skepsele** wat My laat besluit het om hierdie plan uit te voer en sal My ook daartoe aanspoor om dit ten uitvoer te bring omdat die tyd uitgeloop is.

**My Wese is vir ewig onveranderlik** en wat Ek eenmaal nodig en suksesvol ag vir die wesens wat nog van My geskei is, sal Ek ook doen en My nie deur mense laat oorreed om My plan te verander nie. Want die plan word opgestel **vanweë die wil van die mense**, omdat Ek sedert ewigheid voorsien het dat die mense op hierdie aarde nie meer in staat sou wees om hul wil te verander nie.

My planne en handelinge is nie willekeurig nie, maar onmeetlike Liefde en Wysheid spoor My aan tot alles wat daar kan voorval. Dus is daar geen rede om van My heilsplan van ewigheid af te sien nie, omdat Ek alles tot in die kleinste deursien. Daarom weet Ek ook dat daar geen sukses te behaal is, sou Ek My heilsplan verander of tydelik wysig nie.

En julle mense moet dit bedink dat daar waarlik genoeg tyd vir julle ter beskikking staan en tog verander julle julleself nie, omdat julle nie in My glo nie. En al sou julle nog meer tyd ter beskikking gehad het, julle sou julleself tog nie verander het nie. Dus sou ‘n uitstel van die einde geheel en al **sinneloos en doelloos wees**, want dan sou Myne tog nog die gevaar loop om aan My teenstander ten prooi te val, indien Ek hom nie sou kluister soos wat bepaal is nie.

As julle aan My die hoogste Wysheid en die diepste Liefde toeken, sal julle ook nie vra om ‘n afwend van die einde van hierdie aarde nie. Want julle sal die komende tyd dan tegemoet sien met ‘n volle vertroue in **My Liefde, Wie elkeen sal beskerm wat aan My wil behoort**. En Wie ook waarlik Mag sal gebruik as dit daarom gaan om Myne te help in moeite en gevaar.

Selfs as julle mense nie wil glo dat die tyd vir julle ten einde loop nie, reken tog met die moontlikheid dat julle skielik opgeroep kan word vanaf hierdie aarde. Julle weet dat julle self nie hierdie lewe kan verleng nie en dat julle self nie weet wanneer die laaste dag vir julle gaan aanbreek nie. Hou rekening met die dood wat julle nie kan terughou nie en **dink daaraan wat dan met julle siel sal geskied wat onverganklik is**.

Sy is die einlike “ek” – oor wie se lot julle self beslis **gedurende die aardse lewe**. Maar julle glo ook nie aan ‘n voortlewe van julle siel nie, en daarom is julle almal in groot nood vanweë julle ongeloof. Want niks sal My hinder om dit ten uitvoer te bring wat verkondig is in woord en geskrif nie.

Die tyd is vervul en elke dag is ’n genade as julle van goeie wil sal wees. Maar **verlaat julle nie op valse profete wat ‘n einde ontken**, wat glo om My tot ‘n ander mening te bring nie.

**Hulle spreek nie in My Naam nie**, maar is ‘n instrument van hom wat julle in die duisternis van gees wil hou en hulle daarom die mense wil laat glo dat hulle nog onbeperkte tyd het. Die mense glo eerder hierdie valse profete en soek slegs in ‘n luukse lewe hul vervulling. as om eerder aan hul eie siele te dink.

Dit sal gebeur soos wat dit voorheen verkondig is. **Ek sal self in die wolke kom om Myne weg te neem**, voordat die vernietiging van die ou aarde sal begin. Daar sal geen steen op die ander bly nie, **want die aarde moet hernu word**.

Daar sal ‘n nuwe aarde ontstaan, ‘n **paradyslike skepping** wat al die nog onontwikkelde geestelike weer sal opneem wat vry geword het met die verwoesting van die ou aarde en ‘n **nuwe omvorming** nodig sal hê om verder te kan rypword.

**En hierdie nuwe aarde sal tot verblyfplek dien vir hulle wat My trou gebly het tot aan die einde**. Want hulle het die graad van rypheid bereik wat hulle ‘n ingaan in die ligsfere moontlik maak en **hulle mag daarom die paradys bewoon**. Dit sal vir hulle waarlik dieselfde salige toestand beteken asof hulle hul liggaamlike omhulsel afgelê het en in My geestelike ryk sou ingaan.

**Hulle moet My as stam van die nuwe mensegeslag (menseras) dien**. En dan kan daar ‘n nuwe verlossings-periode begin met **geestelike ryp mense**, wat dan ook die nog gekluisterde geestelike in hul omgewing to **sneller uitryping sal help**.

Hulle sal deur die liefde so innig met My verbonde wees, dat hulle daardeur hul kinders en kindskinders weer tot liefde kan opvoed en **sal kan getuig van die Heerlikheid van hulle God en Skepper**.

En so kan die verlossing uit die vorm vinniger plaasvind, **omdat Ek in JaHshua lewend onder hulle sal kan vertoef,** omdat alle mense dan die nuwe aarde bewoon en hulleself toevertrou aan hulle goddelike Heiland en Verlosser JaHshua en in die bewussyn van hulle oerskuld bewustelik die weg tot Hom sal gaan, omdat elke weerstand gebreek is. Want elke mens sal dan bewustelik die weg terugneem tot My, sodat Ek Self by hulle kan vertoef, **omdat hulle groot liefde tot My dit sal toelaat.**

Dit is dus die duisendjarige ryk waar **die oorwinning oor Satan sigbaar sal wees,** wanneer hy geen mens

meer sal kan bedreig nie, omdat elkeen homself volkome van hom vrygemaak het en die terugkeer tot My volbring het.

Hy het dan geen toegang meer tot My ryk nie, totdat hierdie salige tyd langsaam weer sal verander en die mense weer ‘n **neiging begin vertoon na die materie**. Daardeur word My teenstander (wie heer is oor die materie) **se kettings weer verbreek** en sy invloed gaan weer merkbaar word.

Maar voor hierdie tyd aanbreek sal veel van die vergeestelikte as heeltemal verlos My ryk ingegaan het, **en Ek sou ‘n goeie oes behaal het**.

En dan begin die stryd met My teenstander ook weer oor die siele, **maar Ek sal oorwinnaar wees**. Steeds weer sal Ek siele aan hom ontworstelen en sy toestand, waarin hy sy sterkte sien, verklein. Steeds weer sal hy self daartoe bydra dat die verlossing van die gevallenes deurgaan.

Want wat van My is, **gee Ek nooit as te nimmer op nie**, al is Ek ook vir ewighede daarmee gemoeid. Die gevallenes sal eenmaal na My toe terugkeer en sal dan met My verbonde bly tot in alle ewigheid. Amein.